191. T. 7 (73)

# VOORDRAG I.S. EREDOKTORSGRAAD:

## PROF. C. G. S. DE VILLIERS.

Prof. C.G.S. de Villiers - of „dr. Con", soos sy oud-studente en ander vriende hom met agting en liefde noem - is Overberger van herkoms: dit is immers in Caledon se wêreld dat hy sy kinder- en jeugjare deurgebring het. Nadat hy die M.A.-graad op Stellenbosch verwerf het, het hy 'n tyd lank as lektor aan die ou Transvaalse Universiteitskollege gewerk. Daarna is hy na die Universiteit van Zürich, waar hy 'n doktorsgraad in die Soölogie verwerf het, om vervolgens op nege-en-twintigjarige leeftyd professor op Stellenbosch te word.

Hier op Stellenbosch het hy met verloop van jare 'n Departement van Soölogie opgebou, wat in Suid-Afrika inderwaarheid 'n model-departement geword het. Sy oud-studente het weldra sleutelposisies dwarsdeur ons land beklee, terwyl hyself in Suid-Afrika, en ook vanuit die buiteland, die hoogste wetenskaplike erkenning, by wyse van erepennings en uitnodigings, ontvang het. Sy eie vakgebied het hy op ruime wyse met die resultate van sy oorspronklike navorsingswerk verryk.

Bowendien het hy op die kulturele terrein werk van blywende betekenis verrig. Honderde jongmense het hy deur sy grondige studie en intensiewe beïnvloeding tot 'n liefde en waardering van goeie musiek gevoer; en die Afrikaanse drama het hy, deur sy eie vertaling van groot dramas uit vreemde tale en deur sy eie regie daarvan, op treffende wyse verryk. Veral in die jongste jare het hy, deur sy boeiende letterkundige produkte, die Overberg en die Overbergse mense op sprekende wyse laat leef en herleef.

'n Volle, ryke gees soos dr. Con de Villiers is in Suid-Afrika - en inderdaad in die hele wêreld - voorwaar 'n seldsaamheid. Ek dra hiermee 'n groot man vir bekroning voor, tewens 'n man met 'n verfynde, ryke intellek en gees, 'n briljante oud-student van ons Universiteit. Dat dit vandag hier kan gebeur, is vir die Universiteit van Stellenbosch, en vir ons almal, 'n intense genoeë en seldsame eer.

H. B. Thom.

(REKTOR)

Stellenbosch,
8 Desember 1967.

191. T. 7 (73/1)

# VOORDRAG I.S. EREDOKTORSGRAAD:
# SY ED. DR. HILGARD MULLER.

Dr. Hilgard Muller het as student 'n briljante loopbaan gehad: aan die universiteite van Pretoria en Oxford het hy met groot welslae in die Klassieke gestudeer; hy is vervolgens as dosent in Pretoria aangestel, en hy het ook etlike publikasies op die gebied van die Klassieke die lig laat sien.

Hy het hom egter reeds vroeg tot die openbare lewe aangetrokke gevoel. Weldra word hy senior vennoot in 'n bekende prokueursfirma in Pretoria; hy word verkies tot lid van die stadsraad, en van 1953 - 1955 is hy burgemeester van ons administratiewe hoofstad. Teen hierdie tyd het hy ook reeds 'n sterk belangstelling vir die staatkundige lewe geopenbaar. Hy word gekies as volksraadslid vir die kiesafdeling Pretoria-Oos; en enkele jare later word hy ons Ambassadeur in Londen. Na enige jare van buitengewone suksesvolle arbeid in hierdie hoedanigheid keer hy na Suid-Afrika terug om dr. Eric Louw as Minister van Buitelandse Sake, en tegelyk ook as volksraadslid vir die kiesafdeling Beaufort-Wes, op te volg.

As Minister van Buitelandse Sake het dr. Muller vir Suid-Afrika werk van diepgaande betekenis gedoen. Nie alleen het hy die Republiek verskeie kere met waardigheid, insig en deursettingsvermoë, in die V.V.O. verteenwoordig nie, maar hy het veral ook - in aansluiting by die standpunt van die Eerste Minister - met groot takt en oortuiging 'n beleid van weloorwoë, ferme uitwaartse optrede geloods, waardeur in korte tyd egte respek en vriendskap vir ons land in baie oorde afgedwing is.

Deur dit alles heen het hy sy ernstige belangstelling vir ons universiteite en hulle werk steeds behou. Hy is self Kanselier van die Universiteit van Pretoria; en dit is ons begeerte dat die gebaar wat Stellenbosch teenoor hom maak, ook as 'n gebaar van welwillendheid teenoor ons noordelike susteruniversiteit gesien sal word.

In Hilgard Muller begroet ons die fyne, indringende, akademiese gees; die versigtige, billike, toegewyde staatsman; en bowendien die vriendelike, opregte, nederige mens. Dit is vir die Universiteit van Stellenbosch 'n bron van vreugde dat hy aan hom sy hoogste onderskeiding kan toeken.

H. B. Thom
.......................................
(REKTOR)

Stellenbosch,
8 Desember 1967.

191.T.7 (73/2)

# VOORDRAG I.S. EREDOKTORSGRAAD:
# DR. ANDREAS DALEIN WASSENAAR.

Dr. Andreas Dalein Wassenaar, wat die lewenslig in Middelburg, Transvaal, aanskou het, het na sy skooljare - en gedurende sy universiteitstudie - ook opleiding as vlieënier ontvang, en daarna 'n tyd lank in die lugmag militêre diens verrig. Sy groot belangstelling het egter in die rigting van die aktuariële studie gelê, waarvoor hy na Skotland gegaan het en aldus een van die eerste groepie Suid-Afrikaners geword het wat hulle as aktuarisse bekwaam het.

Afgestudeer in hierdie rigting, het hy aan die einde van 1935 in Suid-Afrika teruggekeer om by SANLAM in diens te tree. Deur toewyding en noeste arbeid het hy snelle opgang gemaak: op 40-jarige leeftyd was hy reeds Hoofbestuurder, en daarna het hy Besturende Direkteur en ook Voorsitter van SANLAM geword. 'n Mens sou hier 'n lang lys kon noem van die maatskappye, buite SANLAM om, in die direksies waarvan dr. Wassenaar dien, bv. Santam Bank, Federale Volksbeleggings, Federale Nywerhede, Federale Beleggingskorporasie, Federale Mynbou, General Mining and Finance Corporation en nog verskeie ander,maar dit is reeds genoeg om as bewys van sy buitengewone prestasies op sakegebied te dien.

Hy is tewens 'n aktiewe lid van 'n hele aantal invloedryke liggame, wat op wetenskaplike en kulturele terreine werk van die allergrootste belang doen: die Nasionale Ontwikkelings- en Bestuursgenootskap, die Suid-Afrika-Stigting, die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, en die Afrikaanse Handelsinstituut wat hy verskeie jare as voorsitter gedien het. Ook op die gebied van ons universiteite het hy 'n groot krag geword: hy is lid van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika, en Voorsitter van die Raad van die Universiteit van Port Elizabeth; en hy het op 'n verskeidenheid van terreine die belange van al ons Suid-Afrikaanse universiteite help bevorder.

Andreas Wassenaar is vir ons die toonbeeld van dinamiese werkkrag; van stipte, opregte eerlikheid in sy meningsuiting; en van onkreukbare toewyding aan 'n ideaal. Hy verteenwoordig die beste wat die Afrikaner op die gebied van die sakelewe opgelewer het. Dit is vir my 'n genoeë om hom vir 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch voor te stel.

H. B. Thom.
..............................
(REKTOR)

Stellenbosch,
8 Desember 1967.